Sondag 23 Oktober 2022 - Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Ps 98-1:1-2 (Melodie Lied 200)
Geloofsbelydenis (Nicea)
Riglyn vir ons nuwe lewe – Gal. 5:13-26 (83 AV)
En ons?
Ps 25-1:2-3
Gebed
Lied 329:1 (x2)
Skriflesing: Joh. 3:16 (53 AV) & Gal. 4:4-7, 1 Pet. 1:18-19 (83 AV)
Heidelbergse Kategismus: Sondag 13
Tema: Ek is losgekoop om kind van die Vader te word en aan Jesus te behoort!
Preek
Gebed
Lied 292:1-2
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Ek is losgekoop om kind van die Vader te word en aan Jesus te behoort!**

**Inleiding**

**A. Waarom word Jesus Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?**

1. Ons bely: Jesus is die Seun van God.
2. Die belydenis dat Jesus die Seun van God is, is deur die eeue al baie bevraagteken.
3. Is dit belangrik om te glo en te bely dat Jesus die Seun van God is?
    a. Dit is lewensbelangrik!
4. As Jesus die eniggebore Seun van God is (of die enigste Seun van God is), hoe is ons ook kinders van God?
    a. Elkeen wat waarlik glo is kind van God.
        i. Johannes 1:12: *Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word*.
    b. Wat is die verskil tussen Jesus se verhouding tot ons Vader en ons verhouding tot ons Vader?
5. Hoe word ons kinders van God?
    a. Jesus het ons losgekoop, sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. (Gal. 4:5)
    b. Wat bedoel die Bybel as dit vir ons sê ons is losgekoop?
    c. Hoe weet ek seker ek is God se kind? (Gal. 4:6)
    d. Omdat jy kind van God is, deel jy in al die wonderlike voordele van jou Vader se huis, en word jy ook jou Vader se erfgenaam! (Gal. 4:7)

**B. Waarom noem ons Jesus "Here"?**

1. Die woord "Here" is 'n vertaling van die Griekse woord "Kurios".

   a. “Kurios” beteken letterlik “eienaar” of “besitter”.
   b. “Kurios” kan ook vertaal word met “Koning”.
2. Hoe het Jesus ons Eienaar geword?
   a. Weereens leer die Bybel ons dat Jesus ons losgekoop het of vrygekoop het. (1 Pet. 1:18&19)
3. Wat is die prys wat Jesus betaal het om jou los te koop?
   a. 1 Pet. 1:18 en 19: *Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus*!
   b. Jy is duur gekoop!
   c. Omdat God jou duur gekoop het, is jy vir Hom baie kosbaar, en gaan Hy jou oppas en bewaar. (HK Sondag 1)
4. Wat is ons taak as eiendom van Jesus?
   a. 1 Pet. 2:9: *Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die* ***eiendom****svolk van God, die volk wat die* ***verlossingsdade moet verkondig*** *van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig*.

**Onthou as jy hier uitstap...**